**Die Here is nie by julle nie…**

**Num 14:1-4, 26-45**

**4 Julie 2021**

1. Num 14: Reeds gekyk na Moses se pleidooi vir die volk, en na die Here se oordeel oor die volk, vandag fokus ons op die volk.
2. Optrede van die volk:
    a. Hulle verset hulle teen Moses, Aäron, die Here – wil eerder sterf (v2-3)
    b. Hulle wil 'n ander leier kies (v4)
    c. 10 Verkenners sterf direk aan 'n plaag wat die Here stuur (v36-38)
    d. Erken hulle was verkeerd, trek op, maar word verslaan (v39-40, 44-45)
    e. Rede vir neerlaag: die Here is nie by hulle nie (v41-43)
3. Sonde van die volk:
    a. Selfde sonde as 10 verkenners: ag nie die Here se beloftes na waarde nie, leer nie uit die Here se werk nie, verreken nie die teenwoordigheid van die Here nie
    b. Wil Moses vervang met ander leier – maar Moses was juis deur die Here geroep (vgl Mirjam se opstand). Moses is 'n tipe van Jesus – soos om Jesus te verwerp in die NT
    c. Oppervlakkige bekering – trek op sonder dat Moses en die verbondsark saamtrek
4. Die Here se oordeel oor die volk:
    a. Almal bo 20 jaar sterf oor die loop van 40 jaar – meer as 80 sterftes per dag
5. Implikasies vir ons uit die eerste geslag:
    a. Tipes ter sprake: Moses – Jesus, volk (1ste en 2de geslag) – kerk, verlossing uit Egipte – regverdigmaking, woestyntog – heiligmaking, aankoms in beloofde land – heerlikmaking
    b. Is ste geslag tipe van gelowiges wat geregverdig is, in heiligmaking is – maar wat nie in heerlikmaking sal deel nie? (vgl 1 Kor 10:1-6)
    c. Wat dan van: Joh 10:28, Rom 8:30?
    d. 1ste geslag is soortgelyk aan die persone in Heb 6:4-6:
        i. Eenmaal verlig – soos volk by Sinai – lidmate luister na preke luister, maar verander nie
        ii. Hemelse gawe gesmaak – soos volk wat manna geëet het – lidmate gebruik nagmaal, maar bloot as uiterlike handeling
        iii. Deel gekry aan die Heilige Gees – soos die volk wat deur wolk gelei is – lidmate in gemeente waar Heilige Gees werk, maar steeds harte van klip het
        iv. Woord van God gesmaak – soos die volk by Sinai, of God se openbarings aan hulle deur Moses – lidmate wat die Bybel ken, sonder om die Here te ken
        v. Kragte van toekomstige wêreld gesmaak – soos volk wat geleer het beloofde land loop oor van melk en heuning – lidmate wat gemeenskap van gelowiges geniet, sonder om die Here te ken
    e. 1ste geslag is mense wat slegs **oënskynlik** geregverdig is / in heiligmaking is
    f. Hoe kan ons seker wees ons is nie skuldig hieraan nie? (Heb 6:9-12)
        i. Soek na dade uitgevoer in liefde vir die Here en medegelowiges (v10)
        ii. Hierdie dade moet volgehou word tot die einde toe (v11-12)
6. Implikasies vir ons uit die tweede geslag
    a. Is dit onregverdig om 40 jaar te swerf a.g.v. die ongehoorsaamheid van ouers?
    b. Die Here gebruik dit tot hulle loutering in heiligmaking (1 Pet 1:3-7)